egter op deeglike ondersoek gegrond en sal nie sommer opsygeskuif kan word nie. Hy bewys hom in hierdie boek (soos in sy baie ander geskrifte) as ‘n historikus wat sy gevolgtrekkinge versigtig, op grond van noukeurige studie, maak en wat steeds die verband tussen klein gebeurtenisse en groter ontwikkelinge in die oog hou.

Hierdie werk gee ‘n goeie samevatting van die belangrike bydrae wat Schutte tot dusver as navorser met die besondere opdrag om hom in die geskiedenis van die Nederlandse Protestantisme te verdiep, gelewer het en toon dat hy hom as ‘n gesaghebbende figuur op hierdie terrein gevestig het. Dit lyk daarom waarskynlik dat hierdie boek in die volgende dekades vir sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse historici (altans diegene wat Nederlands kan lees) ‘n rigtinggewende werk en waardevolle naslaanbron sal wees. In hierdie verband is dit tog jammer dat die boek, wat tipografies goed versorg en van ‘n aantal toepaslik illustrasies voorsien is, net ‘n personeregister bevat en nie ‘n meer volledige indeks nie.

P. de Klerk

PU vir CHO

## Jan Smuts vir die Europese leser

M.H. VAN MEURS, *J.C. Smuts: Staatsman, Holist, Generaal*

Amsterdam; Suid-Afrikaanse Instituut

1997

516+VIII pp

ISBN 90 74112 13 7

Dat historiese werke oor Jan Christian Smuts net nie opdroog nie, beklemtoon myns insiens die diepte en wydte van hierdie merkwaardige Suid-Afrikaner se nalatenskap en betekenis. Sy veelsydigheid en intellek maak dat hy eenvoudig nie in die vergetelheid raak nie, ten spyte van sy tekortkominge. Onlangs nog het niemand minder nie as Shula Marks ‘n artikel oor hom geskryf.

Van Meurs het ‘n volwaardige biografie oor Smuts aangedurf. Hoewel hy hier en daar kommentaar lewer op ander Smuts-werke, onder meer feitelike en vertolkingsverskille met WK Hancock, bied sy eie biografie, met uitsondering van die gedeeltes oor Smuts as denker-filosoof en wetenskaplike, eintlik nie veel nuuts nie. Oor die internasionale politieke loopbaan van Smuts is daar reeds heelwat

*Historia* 46(1), Mei 2001, pp. 271-84.

geskryf en hierdie boek kon nie werklik kennis daaroor uitbrei nie. Dieselfde geld vir Smuts se krygsloopbaan. En wat sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek betref: hierdie werk tel gewis nie onder die swaargewigte nie. Wat dus oorbly is Smuts die holis. Na my mening is die behandeling daarvan die boek se sterk punt.

Dit is duidelik dat Van Meurs 'n besondere belangstelling in Smuts die wetenskaplike, die denker en filosoof het. Op p. 305 verwoord hy die eintlike doel met sy boek: "Te vaak wordt de wetenschapper Smuts gezien als het aanhangsel van Smuts de staatsman en Smuts de generaal." Die skrywer maak dit sy taak om Smuts se holistiese filosofie, sy beskouinge oor die heelal, oor godsdiens en die menslike persoonlikheid, indringend te ontleed. Meer as enige ander biograaf van Smuts probeer hy om Smuts se denke te ontsluit aan die hand van die ongepubliseerde manuskrip, *An inquiry into the whole*. Daar is by Van Meuers geen tyfel nie dat hierdie werk die eerste "sistematiese visie op holistiese denkwyse" (p. 138) bied en dat Smuts dus sonder vrees vir teenspraak die vader van die holisme genoem kan word.

In die bespreking van *An inquiry into the whole* kom Charles Darwin se ewolusieteorie ook onder die loep omdat Smuts se denke self deurspek was met die ewolusiebeginsels. Van Meurs toon egter tereg aan dat Smuts geen naprater van Darwin was nie en sy eie oorspronklike idees geformuleer het. Later in die werk, wanneer *Holism and evolution* bespreek word, keer die skrywer terug na Darwin en wys veral op die verskille tussen die idees van Smuts en Darwin. Dit is dan wanneer Smuts se Christelike beskouings veral by die argument betrek word.

*Holism and evolution* word uitvoerig in Hoofstuk 8 en deels ook in Hoofstukke 9 en 11 bespreek. Paslik word die kontemporêre reaksie en kritiek ook in oënskou geneem. In 'n konkluderende hoofstuk (hoofstuk 12) keer die skrywer terug na Smuts se holisme en behandel die uitwerking daarvan op filosofiese strominge na Smuts se afsterwe. So word Karl Popper se kritiek, wat die skrywer met duidelike misnoeë bejeën en die nieu-holiste van die 1980s onder meer bespreek. Uit 'n redaksionele oogpunt beskou, hoort hierdie gedeeltes miskien eerder by Hoofstukke 8 en 9. Hulle was nietemin noodsaaklik, omdat geen ander werk oor die onderwerp dit aanraak nie en in hierdie opsig vul Van Meurs se werk dié van Piet Beukes *The holistic Smuts: A study in personality* (Cape Town, Pretoria, Human & Rousseau, 1989) en *The religious Smuts* (Cape Town/Pretoria, Human & Rousseau, 1994) in belangrike opsigte aan.

Soos Beukes het Van Meurs ook die totaliteit van Smuts se persoonlikheid probeer peil: Smuts die politikus en staatsman, Smuts die soldaat, Smuts die denker en filosoof, Smuts die botanis en

natuurliefhebber, en Smuts die mens, wat sy interpersoonlike verhoudinge op verskeie vlakke insluit. Van Meurs probeer om ‘n geïntegreerde beeld van Smuts se persoonlikheid te skep. Net soos Beukes verskil hy van Sir Keith Hancock wat die praktiese toepassing van Smuts se holisme op die politiek betref. Hancock was oortuig dat Smuts die politikus en Smuts die filosoof twee afsonderlike wesens was en hy kon nie Smuts se holisme in sy politieke denke of optredes bespeur nie. Beukes (*The holistic Smuts*, p. 167) het van Hancock verskil en op Smuts se idee oor die Statebond verwys - ‘n geheel wat belangriker as sy samestellende dele was. Ook die Afrikanerhistorikus, GD Scholtz, het dikwels na Smuts se holisme verwys as ‘n verklaringsmodel vir sy afsydigheid teenoor Afrikanernasionalisme (Suid-Afrika en die Afrikaner met sy “klein” probleme was te klein vir Smuts se holistiese denke van geheelbeelde). Maar nóg Scholtz nóg Beukes of Van Meurs kon die verband tussen Smuts se filosofiese denke en sy idees en praktiese optrede wat die politiek betref, oortuigend aandui.

Van Meurs se poging is net so min geslaagd as dié van ander. Sy grootste tekortkoming is dat hy Smuts as politikus binne die Suid-Afrikaanse konteks nie goed genoeg leer ken het nie. Sy ontleding van Smuts se rol in sleutelgebeurtenisse soos koalisie en samesmelting, die neutraliteitskrisis, Smuts en Hertzog se verskillende siening oor Suid-Afrika se posisie binne die Statebond, Smuts en Afrikanernasionalisme en les bes die rassevraagstuk, is veels te oppervlakkig om ‘n verband te lê tusse Smuts se holisme en sy politiek. Daar is verskeie voorbeelde in hierdie boek van ontoereikende beoordeling van Smuts. Ruimte om volledig hieroor uit te wei, is daar nie maar daar kan kortliks na enkele voorbeelde verwys word.

Die skrywer toon in sy behandeling van koalisie en samesmelting (1933-34) eintlik geen begrip van die politieke problematiek wat twee politieke “aartsvyande” Hertzog en Smuts in mekaar se arms gedryf het nie. Verder verstaan hy ook nie werklik waarom Smuts oor ‘n tydperk van bykans vier dekades volledig van die Afrikaner en sy diepste sentimente vervreem geraak het nie. ‘n Enkele voorbeeld kan ter motivering genoem word. Van Meurs beskou die “kakieverkiesing” van 1943 as ‘n klinkende oorwinning vir Smuts en dit waarvoor hy gestaan het. Hy het duidelik nie een van die gesaghebbende studies van daardie verkiesing onder oë gehad nie, want dit sou hom spoedig laat besef het dat die verkiesingsuitslag besonder misleidend was, dat Smuts grootliks as gevolg van die soldatestem gewen het en dat die opmars van die “Gesuiwerde” Nasionale Party reeds begin het. Byna nodeloos om te meld, hy toon ook min begrip van die kragte van Afrikanernasionalisme wat Smuts

onttroon het in 1948.

Belangriker nog, Van Meurs het onvoldoende studies van Smuts se rol in die ontplooiing van rassesegregasie in Suid-Afrika bestudeer. Trouens, hy maak die omstrede stelling reg aan die begin die boek (p VI) dat Smuts eintlik die weg aangewys het na 'n veelrassige Suid-Afrika en dat die apartheidstydperk van 1948-1994 moontlik 'n afwyking was. Anders gestel, Smuts sou volgens hierdie skrywer bes moontlik alles in sy vermoë doen om wit minderheidsregering in Suid-Afrika so spoedig moontlik met 'n swart meerderheidsregering te vervang indien hy langer as 1948 aan bewind sou bly. Hierdie naïewe uitspraak, tesame met ander leemtes ten opsigte van Smuts se loopbaan binne die Suid-Afrikaanse konteks, bederf ongelukkig 'n andersins interessante boek. Daar bestaan oorgenoeg historiese getuienis dat Smuts 'n oortuigende eksponent van wit oppergesag was en dat sy verskille met Hertzog en later Malan oor rassebeleid nie gegrond was op suiwer ideologiese of morele beginsels nie maar eerder op praktiese oorwegings. Indien die skrywer van hierdie werk meer moeite gedoen het om die bestaande goeie studies oor Smuts en die rassevraagstuk te bestudeer, sou hy dalk tot ander gevolgtrekkings gekom het.

In der waarheid sou Van Meurs se werk meer geslaag gewees het as hy op Smuts die mens en filosoof gekonsentreer het. Hierdie aspekte in sy boek verryk die bestaande kennis oor Smuts, maar sy evaluering van Smuts as politieke figuur is oppervlakkig en onoortuigend. Ondanks hierdie ernstige leemte in die werk behoort Suid-Afrikaners en miskien veral Europeërs wat Nederlands magtig is en wat steeds in Jan Smuts belang tel, kennis te neem van hierdie boek.

JP Brits

Universiteit van Suid-Afrika